As grondbedekking moet mos vermy word aangesien dit 'n te fyn afwerking aan ons styl gee wat weer na die formele neig. Omdat die doringbome gewoonlik op rantjies en in klipperige omgewings voorkom, vertoon dit ook die beste as ons 'n lagie gruis in die houers plaas.

Die Akasias hou van kalkagtige grond en die mengsel moet ook meer sand as as gewoonlik bevat aangesien 'n te humusryke grond te klam bly wat weer terugsterwing by die doringbome tot gevolg sal hê.

'n Aantal geskik *Acacia*-spesies vir die Pierneefstyl is onder andere die Apiesdoring, Knoppiesdoring, Enkeldoring en Swartapiesdoring.



TWEESTAMMIGE STYL

POPPIE ENGELBRECHT

INLEIDING

Wanneer daar gepraat word van tweestammige styl word daar verwys na twee bome wat vanaf dieselfde basis of feitlik teen mekaar groei. Hulle kan dieselfde wortelstelsel deel of as individuele bome groei. Bome met 'n enkele stam wat baie laag verdeel, kan ook as tweestammig beskou word. Die normale bonsaireëls wat by individuele bome toegepas word, geld ook hier. Tweestammige vorms word in die natuur redelik algemeen aangetref by Haak-en-steek (*Acacia. tortilis*), Reukpeul (*A. nilotica*) en Kameeldoring (*A. erioloba*).

RIGLYNE

Die volgende riglyne kan gevolg word in hierdie styl:

* By die tweestammige bome moet daar altyd 'n dominante stam wees. Hierdie stam moet dikker en kan twee tot drie keer langer as die korter stam wees. Daar moet dus 'n duidelike verskil in hoogte en dikte tussen die twee stamme wees. John Naka gee die volgende riglyn in *Bonsai Techniques* : Indien die hoofstam drie keer dikker as die sekondêre stam is, kan die hoofstam drie keer langer wees as die sekondêre stam. Tog moet daar nie rigied vasgehou word aan die hoogteverskil-reël nie, maar moet die boom eerder 'n gevoel van tevredenheid in die oog van die kweker laat.